# BYWONING VAN HOFVERRIGTINGE

# TLU SA

# Augustus 2023

# KONSEP BREë RIGLYN

AGTERGROND

Waar boere gearresteer word vir watter rede ookal en in die hof verskyn, is dit reeds ‘n bekende feit dat boere vanuit die gemeenskap bymekaar kom buite die hof ter ondersteuning en om hulle misnoë oor die wyse waarop arrestasies uitgeoefen word en argwaan oor plaasaanvalle en -moorde te kenne te gee.

DOELSTELLING

Die doel van hierdie riglyn is om ‘n breë raamwerk daar te stel aan lede van die TLU SA ten einde eenvormigheid en geloofwaardige indruk te skep by waarnemers en TLU SA ondersteuners en lede.

RIGLYN

‘n GOS behoort in plek gestel te word voor beplande optrede buite die hof vir die dag van verrigtinge en verskyning. Eie ander organisasies wat ook beoog om betrokke te raak, moet hierby betrokke gemaak word.

Deeglike beplanning moet gedoen word ten einde modus operandi te bepaal; bevel en beheer in plek gestel word, wie sal ageer as amptelike woordvoerder, media moet bewus gemaak word van TLU SA deelname en bepaal wie is woordvoerder en SAPD moet ingelig word van TLU SA deelname buite die hof en beplande optrede.

Kalm en berekende optrede tel meer dan emosioneel gefundeerde ongekoördineerde optrede. Militêre indruk te skep, moet vermy word.

Vooraf moet bepaal die volgende: Kleredrag, sensitering rondom taalgebruik, algemene voorkoms, hegte gedissiplineerde front, sonder vrees, optrede binne bestaande wetgewing, sensitiewe gebruik van vlae wat vertoon word (agitasie moet voorkom word).

Vermoë moet ten alle tye openbaar word om 'n voorbeeld te stel en as rolmodel vir TLU SA op te tree. Fisiese onderonsies met opponent deelnemers moet ten alle koste vermy word.

Kalmte en beheersdheid moet onder moeilike omstandighede wat mag ontstaan, gehandhaaf word.

Handhawing van selfdissipline en trots moet gehandhaaf word.

Samewerking met ander belangegroepe in vooraf beplanning is noodsaaklik.

ALGEMEEN

Morele hoë grond moet ten alle tye gehandhaaf en behou word.